Posbus 72353 Lynnwoodrif 0040
Tel: (012) 809 0029
Faks: (012) 809 0341
E-pos: admin@laerskooltygerpoort.co.za
www.laerskooltygerpoort.co.za

021-029-NPO

Tygieland Kleuterskool

*Waar kinders nog kind kan wees!*

**NASKOOLSENTRUM 2017**

**GRAAD RR - R**

**ALGEMENE INLIGTING**

Die naskoolsentrum word deur mev. Suzanne van der Westhuizen (Tygieland-hoof) en mev. Intonatia Zulu bestuur. Die Tygieland-personeel asook die assistente by Tygieland is werksaam by die naskool.

**FOOIE VIR 2017**

- R950 per kind per maand – vooruitbetaalbaar oor 11 maande.
- 'n Registrasiefooi van R350 per jaar moet in Januarie betaal word.
- Leerders kan ook per dag inskryf teen R75 per dag – Registrasiefooi is ook hier geldig.
- Vakansieprogram word @ R60 per dag aangebied.

**FOOIE VIR 2018 WORD BY DIE JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING GEFINALISEER.**

**WAT BIED TYGIELAND-NASKOOL U KLEUTER**

- 'n Bekende, kindervriendelike omgewing met genoeg speelapparaat en speelgoed wat die kleuters se ontwikkeling stimuleer.
- Veilige terrein met toegangsbeheer.
- Die Tygieland-personeel wat vir u kleuter bekend is, is in beheer van die naskool en doen ook die toesig.
- Daar sal altyd 5 volwassenes aan diens wees.
- Die Tygieland-naskool is uitsluitlik vir graad RR- en R-kleuters. Die kleuters speel dus nie saam met leerders wat heelwat ouer as hulle is nie.
- Vermaak en pretaktiwiteite in die middag wat deur die Tygieland-personeel aangebied sal word.
- Gesonde middagete en laatmiddag 'n vrug en koeldrank.
- Naskoolure is vanaf 13:00 tot 17:30 (4 ure 30 minute)
- Woensdae is daar 'n snoepie by die naskool.
- 'n Vakansieprogram word vir die vakansies van Maart/April, Junie/Julie en Oktober aangebied.

**BELANGRIKE INLIGTING**

- Leerders bly na skool op die Tygieland-terrein.
- Register sal vanaf 13:00 geneem word om te verseker dat al die leerders teenwoordig is.
- 13:15 – 13:45 Middagete
- 14:00 – 15:00 Rustyd (Kleuters lê op matrassies en luister na musiek of stories)
- 15:00 – 16:45 Georganiseerde aktiwiteit bv. speletjies, kreatiewe vryspel buite
- 16:45 – 17:00 Opruimtyd
- 17:30 – Naskool sluit (Boete vir laatkom sal gehef word soos in die reëls uiteengesit)

**BRING ASB. DIE VOLGENDE**

**Elke kleuter moet asb. die volgende items aan die begin van die jaar bring:**

- 1 pak lekkers
- 1 pak sneesdoekies

**NASKOOLTYE**
Die naskoolsentrum sal van Maandag tot Vrydag, tydens amptelike skoolkwartale soos bepaal deur die GDO, vanaf 13:00 tot 17:30 oop wees. **Die sentrum sal nie publieke- en skoolvakansiedae oop wees nie.**

**Vir enige navrae ten opsigte van die Tygieland-naskoolsentrum, kan u gerus die volgende persone kontak.**

| | |
|---|---|
| **Tygieland-hoof:** | Mev. Suzanne van der Westhuizen<br>012 809 0340<br>082 928 7003 (Gebruik asb. slegs vir noodgevalle)<br>suzanne@laerskooltygerpoort.co.za |
| **Inskrywings en rekeninge:** | Mev. Rochelle Scheepers<br>012 809 0340<br>kantoor@laerskooltygerpoort.co.za |
| **Bankbesonderhede:** | Laerskool Tygerpoort<br>ABSA Lynnwoodrif<br>Tjekrekeningnommer: 1630490061 |

Alle betalings moet duidelik u **FAMILIEKODE** en **NASKOOL** aandui.
**Stuur bewys van betaling per e-pos aan mev. R. Scheepers.**

## TYGIELAND-NASKOOL REËLS

- Slegs graad RR- en R-leerders word toegelaat.
- Geen leerder sal toegelaat word om die sentrum saam met ŉ vreemde persoon te verlaat nie.
- Die personeel van die naskool aanvaar net tot 17:30 verantwoordelikheid vir die leerders. **Daar sal 'n boete van R150 per dag gehef word vir ouers wat hulle kinders laat kom afhaal.**
- Alle beleide en toepaslike reëls van Laerskool Tygerpoort en Tygieland Kleuterskool is ook by die naskool van toepassing.
- Daar sal elke middag ŉ personeellid van Tygieland Kleuterskool, ŉ assistent en ŉ student by die naskool aan diens wees.
- **Indien u sou besluit om u kleuter uit die naskool te haal, moet u dit skriftelik doen met een kalendermaand kennis. Indien u sou versuim om ŉ maand kennis te gee en daar is nie ŉ kleuter op die waglys nie, sal u verantwoordelik wees vir die maand se fooi al is u kleuter reeds nie meer by die naskool in die middae nie.**